# Poppekas - Sondag 12 Junie 2022
# Tema: Hoe groot is my God, so Groot

(Ds. MG laat die kinders voor sit en hulle roep vir Wysmuis om uit te kom.)

| | |
|---|---|
| Wysmuis: | Hallo Maatjies! Wat ‘n wonderlike dag is dit nie vandag nie. Ek is so bly om al julle maatjies en die ooms en tannies weer te sien. En ook almal wat vir ons op die TV kyk... |
| Wysmuis: | Kom maatjies, kom help vir my op vir Stoffel en Wouter te roep. Kom ons begin by Stoffel. |
| | Een-twee-drie: Stoffel. |
| | Een- Twee- Drie: Wouter. |
| Stoffel | (Gaap- Baie moeg).. Môre Maats... Ek weet nie van julle nie, maar ek vanoggend baie moeg.. |
| Wouter | Hallo Hallo Hallo |
| Wysmuis | Stoffel hoekom is jy so moeg? |
| Stoffel | Ek het gister heeldag op die bank gelê en Peppa Pig en Paw patrol kyk. Ek het nie geweet mense raak so moeg van niks doen nie.... maar nou verstaan ek hoekom ouma en oupa heeltyd moeg is. |

(Sommige mense lag)

| | |
|---|---|
| Wouter | Ek wil vir julle ‘n vraag vra...... Wysmuis, Stoffel, wat is die grootste dier op die aarde? |
| Stoffel: | (Skree antwoord uit) ’n Olifant!! |
| Wouter: | Nee Nee Stoffel, dit is nie ‘n Olifant nie. Weet jy Wysmuis? |
| Wysmuis: | Ja, dit is ’n BlouWalvis. Die walvis kan tot 30 meter lank wees en weeg 136 ton. |
| Wouter: | Mooi Wysmuis, dit is korrek |
| Wysmuis: | Nou wil ek vir julle ’n vragie vra....... Wat is die grootste dam is Suid -Afrika |
| Stoffel: | Ek weet Ek weet....... Wanneer dit reën, dan sê my Pa altyd, hierdie Pothole voor ons huis is die grootste dam in Suid-Afrika. |

(Wysmuis en Wouter lag vir Stoffel se opmerking)

| | |
|---|---|
| Wouter: | Dit is definitief nie die Kouga dam nie, want daar is nie water in nie, so ek sal sê dit is die Gariep dam. |

Wysmuis: Mooi Mooi. Die Gariep dam is baie groot, die een muur is 88 meter hoog en die dam gee water vir baie mense.

Wysmuis: En weet julle, God is baie groot, Sy Genade is groter as die grootste walvis en sy liefde wyer as die grootste dam. Wouter, Stoffel en maatjies, in Psalm 8 vers 5 lees ons 'n baie "cool" stuk in die Bybel, van Hoe groot God is, maar dat hy steeds kies om vir ons as die piepklein mensies lief te hê en vir ons te sorg.

Stoffel: Is daar nie 'n liedjie daaroor nie?

Wouter; Ja, die liedjie se naam is, My God is so groot...

Wysmuis: Ja, dit is korrek Wouter. Ek dink ons moet dit sommer sing. Oom Frans, kan jy en die band vir ons die liedjie laat sing?

(Frans en die sang groep staan gereed en Frans laat weet vir Wysmuis dat hulle dit kan sing)

Stoffel Maar ons kan mos nie die liedjie sing as ons nie die bewegings doen nie?

Wouter Ja, ja- iemand moet vir ons wys hoe.

Wysmuis: Ek dink die Belydenisklas kan ons help. Hulle bied vandag Kleuterkerk aan vir die maatjies.

(DS. Toit en Belydenisklas gaan staan voor en wys tydens sang vir almal die bewegings)

Wysmuis: Ek dink almal in die gemeente moet sommer opstaan en saamsing. Want ons almal weet ons God is groot, sterk en magtig. En daar is niks wat ons God nie kan doen....

Stoffel: Kom ons sing, Een , Twee, Drie.....

(Na afloop vd liedjie- vat MG oor en laat die kleuterkerk saam met Ds. Toit en Belydenisklas verdaag)